Kinderdoop (Afr)

by **Eben Swart**

8 April 2013

Gebede van Belydenis en Verloëning vir diegene wat as babas gedoop is, of hul kinders as babas laat doop het.

Gebed van Sondebelydenis
(Soos op "Die Gelowige Doop"-DVD)

Vader, ons verskyn voor U **in die Naam van Jesus van Nasaret**, U Seun wat in die vlees na die aarde gekom het om U verbondsbeloftes te vervul. U sê in die Skrif dat as ons ons sondes **bely**, is U getrou en regverdig om ons dit te **vergewe** en ons van alle ongeregtigheid te **reinig** - (1 Joh. 1:9). Daarom bring ons nou die volgende sake voor U regterstoel en bely dit voor U met opregte berou:

Vader, ons bely ons **onkunde** oor en **gebrek aan belangstelling** in U **verbond**. Ons bely dat ons **besef** het dat ons onkundig is, maar die **verantwoordelikheid** om hieroor tot kennis te kom namens onsself **aan andere oorgelaat** het.

Ons bely dat ons deur **nagmaal** te gebruik, U verbondstekens gebruik het - sonder om ooit die moeite te doen om self na te speur wat U **verbondsklousules** behels. Sodoende het ons U verbond **misverstaan**, en dit keer op keer **verbreek**.

Ons bely dat ons **in eie krag** die vereistes van die klip-Torah probeer **nakom** het, ipv om in geloof na U **Heilige Gees se stem** te luister. Ons bely ook ons **traagheid** om te **leer** hoe die Stem van U Heilige Gees **klink**, sowel as ons **traagheid** om op Hom te **wag**.

Ons bely ons **onkunde oor die doop** - dat ons ‘n **heidense waterritueel** op gelyke vlak met U **bloedverbond** gestel het. Ons bely dat ons nooit die **betekenis van die doop** ondersoek het nie, en te midde van ons bewustelike onkunde selfs **ons eie weerlose kinders** aan hierdie heidense ritueel **onderwerp** het.
Ons bely dat ons, te midde van ons eie onkunde, onbesonne **gedagtes** van **meerderwaardigheid** en **groter kennis** gekoester het teenoor diegene van ander oortuigings wat hulself as gelowiges laat doop het.
Ons bely dat ons en ons ouers in onkunde en misplaasde vertroue in kerkleiers en hul teologie **as geestelike voogde** namens ons kinders via die babadoop ‘n **okkultiese verbond** gesny het tussen hulle en ‘n **demoniese owerheid**. Ons bely dat ons hierdie verbond deur die betrokke demoniese owerheid laat **beseël** het - en onsself sodoende **onder** hierdie owerheid se **gesag** gestel het.
Ons bely dat ons en ons ouers deur die ritueel van die babadoop geestelike deure oopgemaak het vir **watergeeste** om ons en ons kinders te teister, bind en beset. Ons bely dat ons betrokkenheid by hierdie owerheid en watergeeste ‘n **geestelike sluier** oor ons oë getrek het - wat ons **verblind** het - sodat ons nie **geestelike dinge** kon insien of konseptualiseer nie.
Ons bely dat ons geheul met hierdie owerheid ons en ons kinders **oopgestel** het vir daardie **sondes** wat algemeen as die **domein van die Hemelkoningin** beskou word. Ons bely dat ons **swakheid** vir hierdie sondes agv die babadoop dikwels daartoe gelei het dat:

Christene se **huwelike** verbrokkel het.
Christenmans en -vroue gevang is deur **pornografie**.
Christene vasgevang is in **gaywees** en **lesbianisme**.
Christenpaartjies **nie** kon **kinders** hê **nie**.
Vroueprobleme mense se gesondheid knak.
Bedieninge gekelder is deur die **Jesebel-gees**.
Ons kinders gevang is deur **dwelms** en die **okkult**.
Ons mans gevang is deur **Vrymesselary** en die najaag van **geld**.
Moord gepleeg is.

Vader, ek vra dat U my en my voorgeslagte in die naam van **Jesus vergewe** vir al ons onkunde en sonde.

Ek bely dat my geesmens deur geloof in Jesus **wederbaar** is - deurdat ek saam met Jesus **gesterf** het - en my **hart** sodoende **besny** is toe Jesus U **instruksies** op my **hart** in my **vleesmens** geskryf het.
Ek bely dat U vir my 'n **nuwe geesmens** saam met Jesus uit die graf **opgewek** het en ek sodoende **uit** die **God** van Abraham, Isak en Israel **gebore** is.
Ek bely dat hierdie proses pragtig **versimboliseer** word deur die **onderdompelingsdoop van gelowiges** en dat ek daardeur my diepe identifisering met Jesus se **dood** op Golgota en sy **opstanding** uit die graf van Josef in die openbaar bely.

Daarmee bely ek saam met Paulus:

Al wat ek wens, is om **Christus te ken***,*
die **krag van sy opstanding** *te ondervind*
en **deel te hê aan sy lyding** *deur* **aan Hom gelyk te word in sy dood***,*
in die verwagting dat **ek self** *deel sal hê aan* **die opstanding uit die dood***.*
- Fil. 3:10 - 11.

Dankie, Jesus, dat U deur U gehoorsaamheid tot die dood 'n **ontsnappingsroete** geskep het wat ons red uit **al die benoudhede** waarin ons onsself begewe het. **Was** my en my kinders asseblief **skoon** van enige vuilheid wat aan ons kleef agv die **babadoop**.
Ons prys U naam!
Amen.

Babadoop-verloëningsgebed

(Hierdie gebed moet verkieslik gebid word NADAT 'n persoon homself as gelowige deur onderdompeling laat doop het en bostaande verloëningsgebed gebid het).

In die Naam van Jesus van Nasaret wat in die vlees na die aarde gekom het verloën en verwerp ek (en my kinders) die **doopleer** van Augustinus, die Roomse Kerk, Origenes, Irenius, Ciprianus en Calvyn.
Ek verloën en verwerp ook die **Calvinistiese uitverkiesingsleer** soos geformuleer op die Sinode van Dordrecht - wat as motief vir hierdie doopleer dien.
Ek bely dat ek **in Christus** uitverkies is (Ef. 1:4) en dat God se uitverkiesing **buite** die beperkinge van lineêre **tydsverloop** en **oorsaak-en-gevolg** (kousaliteit) staan. (Ef. 1:4)

Die **bewys** van my uitverkiesing is te vind in die kragtige **werking** van die **Heilige Gees** binne my (Hand. 15:8 - 9) deur die hoor van Sy stem, (Joh. 10:27) die dra van Sy vrugte, (Gal. 5:22) die manifestasie van Sy gawes (1 Kor. 12) en dat Hy my herinner aan Jesus se woorde. (Joh. 14:26)

In Jesus Naam verloën ek die leuen dat die **doop** in die plek van die **besnydenis** gekom het en dat die **babas van gelowige ouers** dus deur die **babadoop** in die **Nuwe Verbond** ingesluit word.

In Jesus Naam verloën ek ook die leuen dat ‘n **baba se hart** deur **geloof** by die babadoop **besny** kan word.
Ek bely dat **geen gelowige ouer** selfs as geestelike voog van sy kind voor God oor die **bevoegdheid** beskik om namens sy kind **geloof** in hom/haar te **bewerk** of die een of ander **“vooruitwerkende” doopritueel** te **magtig** nie.

Ek bely dat die **water** van die doop nooit bedoel was om ‘n **teken** van die **verbond** te wees nie, maar dat dit soos die Ou Testamentiese **vloed** en die **Rooi See** dien as ‘n **watergraf** - ‘n graf wat ‘n **skeiding maak** tussen my **vorige lewe** en my **nuwe lewe**. My ou lewe was onder die gesag van “reuse” of “slawedrywers” en my nuwe lewe onder die gesag van “Noag” of “Moses” - tipes van Jesus.
Ek bely dat ek **deur geloof** en **hartsbesnydenis** in ‘n **bloedverbond** met Jesus Christus staan en dat die **tekens** daarvan nie die **waterdoop** is nie, maar die **brood** (vlees) en die **wyn** (bloed) van die **verbondsmaal** (of “nag”maal) is.

Amen.